Gevorderde Noodhulp

"Maar 'n Samaritaan wat op reis was, het op hom afgekom, en toe hy hom sien, het hy hom innig jammer gekry."
- Lukas 10:33

Doelwit: *Om aan die Verkenner noodhulpvaardighede te gee ten einde diens te lewer binne en buite Die Voortrekkers.*

Weergawe: *2007.0*

Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode:
2. 'n Voortrekker lei 'n Christelike lewe.
8. 'n Voortrekker neem leiding.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.
10. 'n Voortrekker is diensvaardig.

ABC: Hierdie spesialisasie omvat veral Christenskap en burgerskap deur die aanleer van vaardighede wat die Verkenner sal kan toepas in 'n situasie waar hy 'n ander persoon se lewe sal kan red. Sodoende leef die Verkenner die wil van God uit en bevorder hy ook sy burgerskap.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	5 dae	**Graadgroep:**	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	• Die spesialisasie kan individueel of in spanverband afgehandel word. • Hierdie spesialisasie mag slegs deur 'n gekwalifiseerde noodhulpinstrukteur aangebied word. • By inhandiging van die Vlak 2 Noodhulpsertifikaat word die spesialisasie toegeken.		
Toekennings instansie:	Kommando		

Eksterne Akkreditasie

Beheerliggaam:	SA Noodhulpliga	**Vlak:**	2
Toekennings instansie:	Suid-Afrikaanse Noodhulpliga		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. *'n Vlak 1 en Vlak 2 (of Vlak 1/2 kombinasie) -kursus, soos aangebied deur die Suid-Afrikaanse Noodhulpliga of erkende noodhulpopleidingsinstansie bygewoon het.*
2. *Die voorgeskrewe toetse suksesvol aflê.*